Shun Chetty

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

CASE NO. 18/75/254

7th OCTOBER 1975

In the matter of:

THE STATE

vs

S. COOPER AND EIGHT OTHERS

---

VOLUME 37

PAGES 2260 - 2278

LUBBE RECORDINGS (PRETORIA)

/VMD.

COURT RESUMES AT 2.15 P.M.

HERMANUS DANIEL STADLER, NOG ONDER EED:

CROSS-EXAMINATION BY MR. SOGGOT CONTINUED: Will you please look at RALLY A.5.AA, that is your new sketch, Major? --- Ek het dit, Edele.

Major, I wonder, with the Court's permission - I ask you this because we still have certain confusion as to precisely what is meant by your configuration of the moon. Could you draw the moonlike formation and the shape of the crowd at the stage when it was nearest to the gate, in other words at the point where it stopped, and if you could perhaps do that in a different colour to distinguish it from your first position of the crowd? --- Edele, ek verstaan nie mooi of mnr. Soggot nou bedoel die skare of die beweging wat die groep gemaak het wat na die hek se kant toe gegaan het nie?

I am referring to the group which went to the gate, the extent to which it was moon-shaped, and the position of the rest of the crowd as it was on the road and in the apron so to speak in front of Curries Fountain? --- Edele, ja, ek dink ons het reeds besluit dat ons dit liewer 'n boogvorm sal noem en nie 'n halfmaan nie. Soos ek die boogvorm geteken het met die pyltjie wat aandui die rigting van die hek, dit is die beweging wat hulle gemaak het na die hek toe. Die res van die skare het op daardie stadium in daardie rigting begin kyk en ook in daardie rigting beweeg.

Major, I do not want to spend any time on this, could you indicate diagrammatically where the "skare" was, where its flanks were, and the position of Accused No.2, at the stage when they were nearest the gate - perhaps you can take the blue chalk, Major, to distinguish? --- Edele, ek het dit nou aangedui, dit is moeilik om te sê, daar was so 'n groot groep

skare / ...

skare gewees, dit is net asof hulle nie meer so dig was nie en hulle het toe in die rigting van die hek beweeg.

Do you mind indicating where No.2 was at that furthest point, in other words at the point nearest to the gate? ---- Soos ek reeds aangedui het aan die einde van die pyltjie, wat die boogvorm aandui.

May we see that please, Major? Thank you. Now, may I refer you to RALLY A.10.24(a)? ---- Ek is in besit daarvan.

Major, as I understand your evidence, I did not have this in front of me at the time you gave evidence, you contend that this was a crowd standing around at some stage or other during the afternoon? --- Ja, vroeër het hulle meer rondgestaan, dit was eintlik na die groep in die pad begin inbeweeg het.

Whatever it is, would this have been at an earlier stage even before the warning, as far as your estimate goes? ---- Edele, dit is baie moeilik om te sê, maar dit is 'n enkele foto wat maar net die een flank van die skare aandui, en dit is moeilik om te sê op watter stadium dit geneem is.

But do you exclude this as being at the stage when the crowd was being surrounded, you say it was not at that stage? --- Edele, nee, ek kan nie sê dat dit op die stadium is toe hulle omring was nie, dit wil nie vir my so voorkom nie.

Well, do you dispute that, I merely want some accuracy on this point? ---Ja, ek sou sê hierdie was op 'n vroeër stadium geneem.

Do you also concede that the people shown in 24(a) and 24(b), that is as the easterly flank of the crowd, are to a certain extent linked up with persons shown in A.10.1.B, I think Mr. Allaway has dealt with this and that is why I am anxious not to go into detail? --- Ja, Edele, ek sou sê dit

kan / ...

kan moontlik wees, soos ek uitgewys het daar is verskille op die foto, en dit is moeilik om te sê op watter stadium dit presies geneem is.

And may I, while you are looking, refer you also to A.10.25? --- Ek is in besit daarvan, Edele.

That appears to be a closer shot of the people who figure in A.10.24(a), one sees the old man there for example, do you agree with me without going into detail? --- Ja, Edele, hierdie is nou weer 'n foto wat 'n ander gedeelte van die skare aandui, byvoorbeeld jy sien nie die paal in die agtergrond nie.

It is taken from a different spot, but, Major, very briefly, if you look at A.10.24(a) you see there is a policeman with a dog on the right hand side, now to the left of him there is an old man in a coat or a macintosh, do you see that? --- Dit is korrek.

Now if you look at A.10.24 you see the same old man who is about to disappear out of the left hand side of the picture? --- Ek sien 'n ou persoon hierso maar hy het nie 'n hoed op nie, die ander een het 'n hoed op.

No, on A.10.25, unless we are not looking at the same photograph? --- Ja, op RALLY A.10.25, Edele, kom 'n ou Bantoe te voorskyn, reg voor hom is iemand lyk dit my met 'n sambreel in die hand, ek weet dit is 'n ou man maar hy het geen hoed op nie.

No, Major, I refer to the old man on the left side, he is about to disappear out of the left side? --- Ja, nee, ek sien dit nou, dit is korrek.

That is the same man as the man I referred to in A.10.24(a)? --- Dit is korrek.

And if you look at A.10.25 again you will see behind

that / ...

that man a gentleman with a sort of a floral - multicoloured shirt? --- Ja, ek sien dit.

That same person is to be seen on A.10.24(a) if you look at the dog, he is more or less above the dog's right ear, I am referring to the left hand dog, do you see him there? --- Ek verstaan, Edele, ja, dit is duidelik so.

So it does seem as if the two photographs are dealing with more or less the same crowd at roughly the same time - when I say roughly the same time - pause ? --- Ja, dit wil so voorkom.

Now, Major, as far as you are concerned, you persist in your evidence that there was nothing strange going on, there was no charge of dogs at that stage? --- Edele, soos ek reeds gemeld het, ek het nie gesien toe die honde die mense omsingel nie, die eerste wat ek bewus was van die honde is toe die skare reeds uiteen gegaan het.

Well, may I refer you to one thing, if you look at the bank on A.10.24(a), do you not see people trying to run up it? --- Korrek.

Would you say that that was the moment when people were running away? --- Ja, dit skare natuurlik op die wal sou ek aanvaar voor die ander geepad het, hulle was in 'n hoër posisie en hulle sou die honde seker eerder gesien het.

Well, if that is so, is it not abundantly clear then that this was taken at the critical moment? --- Soos ek reeds gesê het, Edele, ek kan nie sê op watter stadium dit geneem is nie, hierdie foto mag geneem gewees het toe die mense in die rigting van die hek beweeg het, ek weet nie.

Well, Major, may I refer you to A.10.25, because there you have a much better view of people on the embankment? --- Dit is in my besit, Edele.

Isn't / ...

Isn't that a picture of a panicstricken retreat, if you look carefully at the people there? --- Edele, ja, ek het nie die wal dopgehou nie, en ek weet nie, dit is moeilik om op die foto te oordeel, dit wil voorkom asof dit mense is wat wel teen die wal uitklim, dit is al wat ek kan sê.

In great haste, would you say panicstricken retreat? --- Dit is nie die indruk wat ek kry nie, as u merk op die linkerkant van die foto, daar is byvoorbeeld een persoon wat teen die wal afgestap kom, en dan die ander persone, soos ek op die plan aangedui het, die wal is seker omtrent 45 grade, en daar is gras op die wal, met ander woorde dit is moeilik om teen die wal uit te klim.

Major, the picture speaks for itself, I am interested in your comments, do you not agree that the majority of people there seem to be in a desperate hurry to get away? --- Ek het reeds gesê die mense klim teen die wal uit, maar ek kan nie sê hulle was haastig om teen die wal uit te klim nie.

And can you situate that climbing up at any stage, other than the time of the attack with the dogs? --- Edele, ek kan nie sê nie, mense het op en af geklim op die wal, party het opgegaan party het afgeklim, ek het nie die wal presies dopgehou nie, en ek kan nie sê presies op watter stadium die foto geneem is nie.

At no stage did you see people running up the embankment en masse as appears here, other than at the stage of the assault with the dogs? --- Dit is korrek.

One final question about 24(a), it is manifest I think that there is no one who is giving any power salute there, not so? --- Op hierdie foto hier?

Yes? --- Nee, Edele, hier is geen.

And in fact if you look at all the other photographs

of / ...

of the crowd, I mean once the gathering got going, once they started to sing, you invariably see hands showing and people expressing themselves either in song or whatever it was, but nothing of the kind here? ---- Nee, hier sien ek geen hande nie, Edele. Ek mag net weer meld, toe hulle natuurlik in die rigting van die hek beweeg het, toe het hulle beweeg en daar was geen hande toe gewees nie.

But at that stage they were in a clear configuration of "tou staan en danspassies" and they were singing, not so? ---- Ja, hulle het gesing.

If one had a photograph of that it would speak for itself? ---- Ja, selfs op hierdie foto, die mense beweeg, toe dit nog op die stadium was toe beskuldigde No.2 op die voortou was weet ek nie, dit kan wel so wees.

I want to suggest to you that the reality there is very clear, those people are frightened? ---- Dié wat teen die wal is?

Those in 24(a), they have stopped demonstrating in every way possible, they are frightened? ---- Edele, dit is moeilik om volgens 'n foto te bepaal, die mense teen die wal klim duidelik teen die wal uit, die mense hier onder die wal in die straat, dit wil voorkom asof hulle in 'n sekere rigting beweeg, beslis nie in die rigting van die wal nie. Daarom sê ek dit kan moontlik 'n foto wees wat geneem is tydens die beweging van die skare in die rigting van die hek. Want hierdie is heel duidelik die agterste deel van die skare.

Major, one final question, you have already referred to 1.AA I think many many times, have you got it in front of you? ---- Ek het dit.

And you have already indicated, I think, that this was at an earlier stage of the proceedings that afternoon.

Ja / ...

--- Ja, Edele, hierdie is baie beslis in 'n vroeëre stadium.

And it is quite clear from the position of the crowd here, the crowd must have moved considerably to get to the position where it constituted and was associated with the "halfmaan" movement towards the gate? --- Nee, Edele. As u kyk na die plan, dit is min of meer die posisie, hoewel nie heeltemal nie, min of meer die posisie soos ek aangedui het in die halfmaan, die foto is bedrieglik, dit blyk asof die mense voor die hek vergader het, maar dit is nie so nie. Hulle was op geen stadium voor die hek gewees voordat No.2 aangekom het en in daardie rigting beweeg het nie.

But what I am putting to you is this crowd is to the east of the Volkswagen, accepting the compass points which we have operated on? --- Ja, Edele, daar is 'n klompie van hulle wat wel aan die suidekant van die - pouse -

I used the word east, Major, can we just get our compass points agreed upon? --- Wel ek sou sê suid-oos, ja.

But I wonder if we can speak a common language, because I think that Mr. Allaway, you accepted the vocabulary of east as down Winterton Walk and west is up Winterton Walk? --- Ja, as ons dit so aanvaar dan is dit oos. Maar, Edele, as 'n mens kyk na die foto dié mense is nog nie in 'n groep gevorm waar hulle nou dans en sing en skree en al die dinge nie.

No, I accept that, your crowd as indicated in blue at the beginning of this cross-examination is to the west of the gate? --- Dit is korrek, met ander woorde dit was gewees nadat kolonel Jordaan hulle toegespreek het.

Yes, that is fine, therefore this cannot be the crowd which had made an attempt or a move towards the gate? --- Nee, baie beslis nie.

Baie beslis nie? --- Nee.

That / ...

That is what I wanted. And if this in fact turns out to be the photograph taken of the moment before the charge by the dogs, then all your evidence is wrong? --- Dit kan nie wees nie, Edele.

I am only asking you, if it turns out that this photograph 1.AA is incontestably shown to have been taken just before the encirclement movement by the dogs, your evidence cannot stand? --- Edele, dit is nie so nie, dit kan nie so wees nie, want die skare, toe die honde toegeslaan het, beskuldigde No.2 het reguit van die hek af in die rigting van die wal geloop, toe was daar mense aan die oostekant van hom, maar nie die skare as sulks nie, dit is mense wat daar rondgestaan het. Uit die aard van die saak het die hele omgewing vol mense gestaan, maar hulle het nie deel gevorm van die skare as sulks nie.

I do not know whether I understand you correctly, it is quite clear that this crowd could not have been there after the flight from the gates, not so? --- Nee, want dit was 'n geval van nie eers 'n minuut nie toe is almal weg gewees.

I am asking you to accept this evidence on a hypothetical basis, I am not asking you for any admissions, if it is shown that you are wrong and that 1.AA was taken at a moment before the attack by the dogs, then all your evidence falls to the ground? --- Nee, Edele. Dit kan nie so wees nie.

All right. I have no further questions.

<u>HERONDERVRAGING DEUR MNR. ATTWELL</u>: Majoor, aangaande die bande wat u van adjudant-offisier De Wet ontvang het in verband met die telefoon gesprekke, ons het gehoor dat drie van die bande is na u mening nie relevant gewees nie, en is toe nie getranskribeer nie? --- Dit is korrek.

Toe daardie besluit deur u geneem was, hoeveel bande

het / ...

het u nog nie na gekyk nie van die oorspronklike twaalf? --- Toe die beslissing geneem was het ek reeds al die samevattings wat ek gehad het deurgewerk. Met ander woorde ek het reeds 'n geheel beeld van die hele situasie gehad.

En op watter stadium was die gesprek met mnr. Rees gevoer aangaan die gebruik van die bande, voor of na die besluit van u? --- Dit was nadat ek reeds alles deurgegaan het.

Voor of na die besluit om nie van drie bande transkripsies te maak nie? --- Edele, as ek dit net kan regstel, nadat ek reeds alles deurgewerk het en die hele beeld gehad het, het ek en mnr. Rees die aangeleentheid bespreek, en ek het toe aan hom uitgewys dat daardie betrokke drie bande nie relevant is nie, in dié sin dat dit reeds op ander bande voorkom, sommige daarvan, en dit was dan toe besluit om nie daardie drie bande te transkribeer nie.

Dankie Majoor. Die tweede aspek is die stappe deur die polisie gedoen aangaande die waarsku van mense in verband met teenwoordigheid by Curries Fountain? ---- Soos ek reeds gemeld het, deur middel van kolonel Steenkamp het ek die Uitsaai-Korporasie versoek om dit oor die nuusdienste so wyd as moontlik te versprei, dit was dan ook gedoen op die aand van die 24e, Springbok Radio, Port Natal, Zoeloe dienste asook die nasionale dienste. Dit was weer eens oor die nuusdienste gedoen in die oggend van die 25e. Dan was dit ook op versoek van kolonel Steenkamp in die oggendblad die Natal Mercury geplaas.

Nou die eerste vraag is, het u self geluister na sommige van die uitsendings oor die radio? --- Ek het, Edele.

En was die waarskuwing vervat in daardie uitsendings? --- Dit is korrek.

Ek toon ook aan u nou 'n afskrif van die Natal Mercury

van / ...

het u nog nie na gekyk nie van die oorspronklike twaalf? --- Toe die beslissing geneem was het ek reeds al die samevattings wat ek gehad het deurgewerk. Met ander woorde ek het reeds 'n geheel beeld van die hele situasie gehad.

En op watter stadium was die gesprek met mnr. Rees gevoer aangaan die gebruik van die bande, voor of na die besluit van u? --- Dit was nadat ek reeds alles deurgegaan het.

Voor of na die besluit om nie van drie bande transkripsies te maak nie? --- Edele, as ek dit net kan regstel, nadat ek reeds alles deurgewerk het en die hele beeld gehad het, het ek en mnr. Rees die aangeleentheid bespreek, en ek het toe aan hom uitgewys dat daardie betrokke drie bande nie relevant is nie, in dié sin dat dit reeds op ander bande voorkom, sommige daarvan, en dit was dan toe besluit om nie daardie drie bande te transkribeer nie.

Dankie Majoor. Die tweede aspek is die stappe deur die polisie gedoen aangaande die waarsku van mense in verband met teenwoordigheid by Curries Fountain? --- Soos ek reeds gemeld het, deur middel van kolonel Steenkamp het ek die Uitsaai-Korporasie versoek om dit oor die nuusdienste so wyd as moontlik te versprei, dit was dan ook gedoen op die aand van die 24e, Springbok Radio, Port Natal, Zoeloe dienste asook die nasionale dienste. Dit was weer eens oor die nuusdienste gedoen in die oggend van die 25e. Dan was dit ook op versoek van kolonel Steenkamp in die oggendblad die Natal Mercury geplaas.

Nou die eerste vraag is, het u self geluister na sommige van die uitsendings oor die radio? --- Ek het, Edele.

En was die waarskuwing vervat in daardie uitsendings? --- Dit is korrek.

Ek toon ook aan u nou 'n afskrif van die Natal Mercury

van / ...

het u nog nie na gekyk nie van die oorspronklike twaalf? --- Toe die beslissing geneem was het ek reeds al die samevattings wat ek gehad het deurgewerk. Met ander woorde ek het reeds 'n geheel beeld van die hele situasie gehad.

En op watter stadium was die gesprek met mnr. Rees gevoer aangaan die gebruik van die bande, voor of na die besluit van u? --- Dit was nadat ek reeds alles deurgegaan het.

Voor of na die besluit om nie van drie bande transkripsies te maak nie? --- Edele, as ek dit net kan regstel, nadat ek reeds alles deurgewerk het en die hele beeld gehad het, het ek en mnr. Rees die aangeleentheid bespreek, en ek het toe aan hom uitgewys dat daardie betrokke drie bande nie relevant is nie, in dié sin dat dit reeds op ander bande voorkom, sommige daarvan, en dit was dan toe besluit om nie daardie drie bande te transkribeer nie.

Dankie Majoor. Die tweede aspek is die stappe deur die polisie gedoen aangaande die waarsku van mense in verband met teenwoordigheid by Curries Fountain? ---- Soos ek reeds gemeld het, deur middel van kolonel Steenkamp het ek die Uitsaai-Korporasie versoek om dit oor die nuusdienste so wyd as moontlik te versprei, dit was dan ook gedoen op die aand van die 24e, Springbok Radio, Port Natal, Zoeloe dienste asook die nasionale dienste. Dit was weer eens oor die nuusdienste gedoen in die oggend van die 25e. Dan was dit ook op versoek van kolonel Steenkamp in die oggendblad die Natal Mercury geplaas.

Nou die eerste vraag is, het u self geluister na sommige van die uitsendings oor die radio? --- Ek het, Edele.

En was die waarskuwing vervat in daardie uitsendings? --- Dit is korrek.

Ek toon ook aan u nou 'n afskrif van die Natal Mercury

van / ...

van Woensdagoggend September die 25e 1974, sien u die waarskuwing wat u nou van melding gemaak het daar in die hoofberig bevat ? ---- Ja, ek het dit.

Sal u net vir die Hof volledigheidshalwe uitlees wat daar staan? ---- Edele, ek lees 'n bietjie laer af in die berig: "Colonel Francois Steenkamp, Officer Commanding the Security Police, said in Durban last night that where a rally was banned in terms of the Riotous Assemblies' Act, it was an offence to convene, advertise, or attend such rally. If such a rally were held anyone attending it whether as supporters or merely as curious onlookers, would be liable to arrest".

Met die Hof se toestemming handig ek daardie koerant in as BEWYSSTUK 32. Nou, Majoor, u het ook gepraat van die polisiedienste wat ontwrig was as gevolg van die hou van die rally, nou u was in Durban gestasioneer, maar het u enige stappe gedoen aangaande die ander beoogde rallies wat in die land gehou sou word? --- Ja, al die inligting wat tot ons beskikking gekom het, het ek in teleks berigte vervat en aan ander afdelings versprei.

En polisieoptrede was aanbeveel deur u gewees in watter sentrums? --- Kaapstad, Johannesburg en Turfloop.

Een laaste vraag oor die rally self by Durban, by Curries Fountain die middag, die honde wat op die fotos verskyn hierdie 24 reeks fotos wat daar staan, en die honde wat heel later in die laaste hoeveelheid fotos aangedui word tydens die stormloop, was daar verskil tussen die houding van die honde? --- Edele, ja, in dié sin dat dit is duidelik dat die een groep honde passief is, en die ander natuurlik aggressief.

Edele, dit is al vrae voortspruitend direk uit kruisondervraging wat ek aan dié getuie wil stel. Ons het ook heelwat gehoor van die video-tape Edele, en met die Hof se

toestemming / ...

toestemming behoog ek op hierdie stadium om deur hierdie getuie dit aan die Hof te laat oorspeel, dit is beskikbaar nou voor die Hof, Edele sal merk dat dit, met die Hof se toestemming, ek het die masjien daarbo geplaas, en met die Hof se toestemming wil ek dit graag op hierdie stadium aan die Hof en al die mense hier nou wil speel.

HOF: Wel in elk geval voor ons dit doen, miskien wil ek net deur die getuie vasstel of my waarnemings korrek is. Nou, met die oog op volgorde, Majoor, as ons kyk na RALLY A.10.1.A? --- Ek het dit, Edele.

Ek sal verwys na RALLY A.10.1.A, RALLY. 10.20, RALLY A.10.24(d), RALLY A.10.1(b), RALLY A.10.1.AA, RALLY A.10.40 en RALLY A.10.24 in daardie volgorde.

(MNR. ATTWELL VRA HOF OM VOLGORDE EN NOMMBERS TE HERHAAL) Nou as ek my stiptelik bepaal na die vet heer na wie ons alreeds verwys het met die pet op. Op 10.1A, staan hy met sy hande agter sy rug, waar die kruisie is by die derde kar van anderkant af, kan u hom sien? --- Edele, as u miskien net vir my kan aandui min of meer.

Omtrent twee-uur van die middelpunt van die foto?

MR. ALLAWAY: M'lord, may I suggest that the major gives us the photo and we will mark it in a distinctive colour for him?

COURT: Yes, well have you got the person?

MR. ALLAWAY: I have got the person, M'lord. I will put a red circle - it is RALLY 10.1.A M'lord is referring to - what I have done is to put a red dot which covers his chest and part of his left shoulder. --- Ja, Edele.

HOF: Het u hom nou? --- Ja, Edele.

Nou as u net kyk na die persone in sy onmiddellike omgewing, het u taamlik 'n idee daarvan? --- Ja, Edele.

Nou vat RALLY 10.20, daar kry ons hom weer, daar staan hy

met / ...

met sy hand op sy heup? --- POUSE

MR. ALLAWAY: Again, M'lord, if it will help the major I will mark him, M'lord I put a red circle over his left shoulder.

HOF: Het u dit? --- Ja, Edele.

Kyk nou na - u het nou net na Rally 10.20 gekyk? --- Ja.

Nou sien u daar 'n man met 'n swart baadjie en krul hare voor hom en die vrou met die arm op die heup? --- Ja, Edele.

Nou daardie persone skyn nie daar sigbaar te wees, alhoewel hy nog hier agter die groep staan, so daar moes een of ander verandering in sy omgewing plaasgevind het? --- Ja, Edele, dit is duidelik.

En nog 'n ding die Korporasie motorkar skyn hier naby hom te wees, en dit blyk nie op RALLY A.10.1.A nie? --- Dit is korrek.

So hy moes 'n rukkie daar gestaan het, het u dit? --- Ja, Edele.

Nou vat ons die volgende een, RALLY 10.24(d), nou is die honde op die toneel, nou staan hy nog agter die groep daarso, skynbaar met sy hande nog agter sy rug, maar daar is nie so baie mense in sy onmiddellike omgewing nie, en beslis nie die mense wat ons op die vorige kiekie gesien het nie? --- Dit is korrek, Edele.

Nou vat ons die volgende een, RALLY A.10.1.AA, nou is hy hierso aan die linkerkant weg van die karre af, nou het hy 'n vriendin ontmoet? --- Dit is korrek.

Nou staan hy blykbaar met haar en gesels? Die honde is op die toneel? --- Dit is korrek.

Nou stap hy met haar vermoedelik weg, sy glimlag? --- Dit is reg.

Die honde is op die toneel, die een blaf, die ander kyk weg heelwaarskynlik? --- Ja, ek sien dit, Edele.

Van / ...

Van die mense kyk in sy rigting? --- Dit is korrek.

Nou hy het nou duidelik opbeweeg vanwaar hy oorspronklik gestaan het om daar te kom? --- Korrek, Edele.

Nou kry ons die volgende een en dit is RALLY 10.40, nou is no.2 beskuldigde op die toneel en hy vind hom baie naby aan No.2 beskuldigde skynbaar taamlik diep in die skare in, tensy dit die voorpunt is hierdie? --- Ja, Edele, dit is moeilik om te bepaal, dit wil voorkom asof dit die voorpunt van die skare kan wees, duidelik van vooraf geneem.

Dit is No.2 daar by Colin Jeffreys met die sirkel om hom? --- Ja, Edele.

Nou is hy heeltemal weg van sy ander posisie af, dit kan alleen gewees het nadat die honde op die toneel gewees het, want die honde het ons gesien is op die toneel waar hy nog met sy gesellin gesels? --- Dit is korrek.

Nou kyk ons na RALLY 10.24? --- Ja.

Hier is hy besig om weg te hardloop vir iets? --- Dit is korrek.

Dit blyk uit sy gesig en al die ander mense om hom hardloop weg? --- Ja.

Daar het iets gebeur in sy lewe om so onmiddellik sy houding en sy posisie en sy aksies te regverdig? --- Nee, dit is heeltemal reg.

Nou wat is die verskil wat gebeur het? --- Edele, die laaste foto RALLY A.10.24 is heel duidelik toe die honde toegeslaan het. Hy is nog hier half aan die voorpunt van die skare soos byvoorbeeld op RALLY A.10.40 aangedui, maar hy hardloop nou weg.

Is dit regverdig om te sê op RALLY A.10.1.B steur hy hom nie baie aan die honde nie? --- Nee, dit is so, op RALLY A.10.1.B en RALLY A.10.1.AA.

Miskien / ...

Wel miskien as ons nou die visiële band sien, kan ons uitkyk vir die man om te sien wat sy bewegings is? ---- Ja, hy word aangetoon, Edele, maar ek mag net meld dat die persoon wat die kamera hanteer het is maar 'n amateur, dit is die eerste keer wat hy hom gebruik het op operasionele diens, daarom is dit nie baie goed geneem nie.

MNR. ATTWELL: Mag die getuie uit die bank gaan na die masjien toe om dit te werk. ---- Edele, ek het vanmiddag geskakel vir 'n persoon wat die apparaat beter kan werk as ek, hy is beskikbaar, as hy dan die apparaat kan werk dan sal ek in die getuiebank bly.

(VIDEO TAPE SHOWN TO COURT) ---- Daardie is net wat vooraf gebeur, Edele, dit lyk my hy het net die kamera getoets. Edele, dit is heel aan die begin, toe die skare begin het om op die wal te vergader. Die klank sal 'n bietjie later kom, daar was die klank skynbaar nog nie aan gewees nie. Daardie is ook nog by die begin, Edele, soos die mense nog rondgestaan het, twee fotograwe daar. Edele, dit sal gemerk word dat die Combi heeltemal verby die paal staan. Dit dui hoofsaaklik fotograwe aan, Edele. Dit toon die klank aan, Edele. (MAJOR STADLER SPEAKS WHILE SOUND OF VIDEO TAPE IS ON - VERY INDISTINCT) Daar wys dit mej. Moll wat die minagtende V-teken gee. Daar toon dit nou 'n groter groep van die skare, Edele, ook maar net 'n gedeelte daarvan. Daar is daardie ou vet Bantoe, Edele. (MAJOR STADLER - INAUDIBLE) Kolonel Jordaan probeer hulle toespreek, hy word doodgeskree - die Bantoe tolk wat hulle toespreek, Edele - duidelik die ge-boo in die agtergrond, Edele. Dit is die einde, Edele. Edele, ek mag net meld, dit is slegs grepe, daar is nie kontinuïteit in die film nie, dit was slegs grepe.

DEUR DIE HOF: Is dit reg om te sê wat beskryf is as danse is

eintlik / ...

eintlik waar hulle tyd hou met die sang? ---- Ja, Edele, maar wat nie daarop is nie is aanvanklik, redelik by die begin, veral die ou vet Bantoe, het rondgespring, hulle het rondgedans, en danspassies uitgevoer, en ritme gehou met die geklap en gesing.

Is there anything you wish to place on record?

MR. ALLAWAY: M'lord, it seems, if I could put it to the major, it seems as if the film occupied five minutes, I tried to time it? ---- Ja, dit was net grepe daaruit, nie die hele rally nie.

There were no dogs that I could see? ---- As 'n mens mooi kyk dan sal jy merk dat dit hoofsaaklik die bo-lywe van die .. (Mr. Allaway intervenes)

I just make the point that there were no dogs visible? ---- Nee, daar is geen honde sigbaar nie.

And, M'lord, may the video-tape go in as EXHIBIT 33.

COURT: Is there anything you want recorded from what you saw there, Mr. Soggot?

MR. SOGGOT: I have nothing to say, M'lord.

COURT: And you Mr. Pitman, anything you want to record?

MR. PITMAN: M'lord, a point arises out of that, but I do not think this is the moment to press it.

COURT: Well I did get the impression it was not dark, although the photography was very bad, it was not so distinct towards the end.

MR. PITMAN: I am unable to say, M'lord.

COURT: Well, did you not notice it?

MR. PITMAN: The picture seemed to get lighter which may indicate that it was getting darker, I do not know, M'lord. It was not as distinct, the differences were less clear.

MNR. ATTWELL: Mag ek net miskien een vraag aan die getuie stel

in / ...

in verband hiermee, Edele?

MR. PITMAN: M'lord, just before my learned friend continues, I just want to mention, it has been pointed out to me by the Accused, that there was a certain remark made by the African interpreter there which they would like drawn to the attention of the Court. Now, I do not think it is necessary that it be replayed again.

COURT: What was the remark?

MR. PITMAN: It is a Zulu word "nkane" or something like that which means that he shouted to the crowd "you are being stubborn, and they said: "No, we are just singing". This the Accused want drawn to the attention of the Court.

MNR. ATTWELL: Majoor, die danspassies wat daar uitgevoer word en die danspassies wat u beskrywe het tydens die beweging na die hek se kant toe, stem die twee ooreen? --- Nee, Edele, dit is heeltemal verskillend. Die danspassies na die hek toe wat ek beskryf het was meer 'n ritmiese beweging gewees.

Dankie, Edele.

BY THE COURT: Well, do the parties agree that one gets a wrong impression from the photograph, the atmosphere was completely different judging from the tape-recorder and from this as to what prevailed there.

MR. ALLAWAY: The trouble is, M'lord, that neither the tape-recording nor the video-tape are said to be continuous, and presumably the person operating the tape-recorder, I think Captain Welman said so when I cross-examined him, that the gentleman operating the video-tape only recorded moments of action rather than inaction, whereas the photographs taken seem to show a measure of inaction at times. So that would probably account logically, M'lord, for the difference between the impression one gets from listening to the video-tape

and / ...

and the impression one gets from listening to the tape-recording. Obviously the persons using those instruments would not record inaction, they would record action? ---- Edele, ek mag net meld dat van die tyd af wat hulle begin sing het, was daar op geen stadium absolute stilte gewees nie.

COURT: Well I think that I must also note that there was no hostility...(Mr. Allaway intervenes)

MR. ALLAWAY: No apparent hostility, with respect, M'lord.

COURT: Yes, judging from the expression on their faces.

MR. ALLAWAY: It seems reasonably good-natured, a carnival atmosphere - possibly not completely carnival, but certainly no apparent hostility,. M'lord.

COURT: I think there was some towards the photographer.

MR. ALLAWAY: Yes, M'lord, I think there were some rather indelicate movements towards the photographer made by one particular young lady.

HOF: Dankie, Majoor.

MNR. ATTWELL: Edele, op hierdie stadium wil ek graag net - at this stage I would just like to draw the Court's attention to the fact that the Defence is prepared to make a certain admission or admissions concerning handwriting for which the State is very grateful, it will shorten the proceedings quite considerably, M'lord. We have drawn this up in the form of a typed document, which I would like to hand it with the Court's permission as EXHIBIT U, one of the general exhibits, it sets out in three columns the fact that the Accused admit that the handwriting in the documents mentioned in column A hereof, is the handwriting of the accused referred to in oolumn D, to the extent set out in column C. And it then goes through various documents, mentioning an accused opposite each document, and in the final column the signature, or the fact

that / ...

that the whole of the draft or certain passages were written by that particular accused in that document. Unless there is anything Your Lordship wishes me to expand on, I think it is fairly self-explanatory, and with the Court's permission I hand that in as EXHIBIT U and ask the Defence to merely confirm that admission.

MR. ALLAWAY: M'lord, that admission is confirmed, I think it should with respect be EXHIBIT V, because we have an EXHIBIT U which is a list of articles taken from the possession by Captain du Toit at flat 194.

MR. ATTWELL: My apologies, M'lord, my learned friend is quite right, it will be EXHIBIT V, with the Court's permission. If that could then go in, M'lord, that as far as the State is concerned concludes the State case with the one exception that the witness, Mr. van der Merwe, still has to be cross-examined and then of course re-examined. The State at this stage does not propose to call any further witnesses apart from as I said, Mr. van der Merwe. And I understand then, M'lord, that the procedure is that we are to adjourn until I think it was the 3rd November, at which stage Mr. van der Merwe's cross-examination proper will commence, and thereafter the Defence case.

COURT: Will we have the services of Mr. Renkin again?

MR. ATTWELL: M'lord, during the evidence of Mr. van der Merwe who will answer I gather in Afrikaans, we will require an interpreter -- I think if we could perhaps just leave that to the Attorney-General's staff to arrange for an interpreter for that witness, because I think once the Defence case starts we should not require him as far as I know.

COURT: Well if we do not have the services of Mr. Renkin again I think I should mention that we greatly appreciated the very

efficient / ...

efficient and competent way in which he did the translations.

MR. ATTWELL: The State joins M'lord in that particular compliment.

MR. ALLAWAY: My learned friends and I, with respect, share Your Lordship's views, we are indeed grateful to him for his assistance.

COURT ADJOURNS UNTIL THE 3rd NOVEMBER

/VMD.

**Collection Number: AD1719**

**State v S Cooper and 8 others.**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

***DOCUMENT DETAILS:***

*Document ID:-* **AD1719-Vol37**
*Document Title:-* **Volume 37, Pages 2260 - 2278.**